Paarl Boys' High hostels / Hoër Jongenskool, Paarl koshuise

Geagte HJS-koshuisouers

Van Beheerliggaam en skoolbestuur se kant kan ons u verseker dat ons ten volle bewus is van die enorme finansiële druk wat daar tans op ons HJS-ouers is weens die impak van die Covid-19-virus. Ons probeer werklik op alle terreine uitgawes by die skool en koshuise besnoei sonder om ons normale uitnemende standaard van dienslewering in die gedrang te bring.

Verder moet u in ag neem dat ons juis vanjaar ***geen*** aanpassing op koshuistariewe gemaak het teenoor 2019 nie, sodat ons reeds die voordeel sover moontlik aan ons ouers kon deurgee. Ons koshuistariewe, in terme van seunskole, is dus van die laagste in die land.

Neem ook kennis dat 45 koshuisouers vanjaar nog óf geen paaiement óf slegs een paaiement betaal het. Addisionele (onbegrote!) uitgawes volgens die vereistes van die Departement van Basiese Onderwys ten opsigte van ontsmetmiddels, termometers en spuitkanne moes deur die skool en koshuis self gedra word. Verder sit ons reeds met borge wat onttrek het of oorweeg om vanjaar te onttrek, omdat hulle waarskynlik min tot geen blootstelling gaan kry vir hulle borgskap nie. Billikerwys moet u dus ook in ag neem dat die skool en koshuis se reserwes reeds onder enorme druk is.

Die volgende besluite rakende koshuistariewe is geneem deur die Beheerliggaam van die Hoër Jongenskool, Paarl:

(1) 'n Berekening sal gemaak word t.o.v. die koshuistariewe betaalbaar teenoor die tyd deurgebring deur elke graadgroep in die koshuis in 2020, gegewe die feit dat skoolvakansies ook drasties verkort word.
(2) Die kosbegroting word bereken op die aantal dae wat die leerder in die koshuis is, gewoonlik 'n gemiddeld van 210 dae per jaar. Versekering, sekuriteit en dergelike uitgawes moet steeds betaal word. Ons het op 15 Mei die munisipale rekeninge betaal tot en met einde Maart, en het dus nog geen besparing daar waargeneem nie.
(3) Hierdie berekenings kan slegs gemaak word sodra die nuwe skoolkwartale deur die Departement van Basiese Onderwys bekend gemaak word.
(4) Die finansiële kantoor het ook reeds alle uitgawes wat na 2021 kan oorstaan, geïdentifiseer en sal dit dienooreenkomstig hanteer.
(5) Daar word reeds 'n dergelike berekening t.o.v. matrieks gedoen, en die betrokke ouers sal so spoedig moontlik gekontak word.
(6) Uit die aard van die saak sal die besparing vir die res van die grade meer wees as dié van die matrieks.

(7) Alle besparings sal op die koshuisrekeninge gekrediteer word en ouers sal steeds verantwoordelik wees vir die balans. Indien ’n ouer se rekening op dié manier in ’n krediet beland, sal terugbetalings gedoen word.

Verdere potensiële besparings word ook deurlopend onderhandel. Ons is ook byvoorbeeld besig om WVF (‘UIF’) terug te eis van die TERS-fonds.

Op hierdie stadium versoek ons dus dat u u kontraktuele verpligting teenoor die HJS-skool en -koshuise nakom deur u betalings op datum te hou tot verdere kennisgewing. Beide die skool en koshuis het verpligte maandelikse uitgawes en kontrakte wat nagekom moet word.

Indien u ’n reëling wil tref ten opsigte die vereffening van koshuisgeld, is u welkom om met Melanie Rheeder by mrheeder@paarlboyshigh.org.za te skakel.

Beste wense

Ritz de la Bat
Voorsitter, SBL

Derek Swart
Skoolhoof

Dear PBHS hostel parents

From the side Governing Body and the school board, we can assure you that we are fully aware of the enormous financial pressures currently brought to bear on our PBHS parents due to the impact of the Covid-19 virus. We are doing all we can to cut costs at school and hostels in all areas, without compromising our standard of excellence in service delivery.

You should also take into account that we did not make ***any*** adjustments to residence rates this year in relation to 2019, so that we could already pass on the benefit to our parents as far as possible. Our residence rates, in terms of Boys' schools, are therefore among the lowest in the country.

Also note that 45 hostel parents have either paid no installment at all or only one installment this year. Furthermore, additional (unbudgeted!) expenses according to the requirements of the Department of Basic Education in respect of disinfectants, thermometers and spray jugs, had to be borne by the school and the hostel itself. In addition, we’re also faced with sponsors who have withdrawn or are considering withdrawing this year, as they will probably have little to no exposure for their sponsorship. In all fairness you need to recognize that the school and hostel's reserves are already under enormous pressure.

The following decisions regarding residence rates were made by the Governing Body of the PBHS:

(1) A calculation will be made for the residence rates payable over time spent by each grade group in the hostel in 2020, given that school holidays are also drastically shortened.

(2) The food budget is calculated on the number of days the learner is in the residence, usually an average of 210 days per year. Insurance, security and similar expenses must still be paid. On May 15, we paid the municipal bills until the end of March, so we did not see any savings there.

(3) These calculations can only be made once the new school terms are announced by the Department of Basic Education.

(4) The financial office has also identified and will handle all expenses which can be postponed to 2021.

(5) Such a calculation is already being made for matrices, and the parents involved will be contacted as soon as possible.

(6) It naturally follows that the saving for the rest of the grades will be more than that of the matrices.

(7) All savings will be credited to payments already rendered for hostel fees, and parents will still be responsible for the balance. If a parent's account gets into a credit that way, refunds will be made.

Further potential savings are also being negotiated on an ongoing basis. For example, we are also claiming UIF ('UIF') from the TERS Fund.

At this stage, we therefore request that you fulfill your contractual obligation to PBHS school and hostels by keeping your payments up to date until further notice. Both the school and residence have compulsory monthly expenses and contracts that must be met.

If you would like to make an arrangement regarding the settlement of residence fees, you are welcome to contact Melanie Rheeder at mrheeder@paarlboyshigh.org.za.

Best wishes

Ritz de la Bat — Chairman, SGB

Derek Swart — Principal